higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N1

(11010091)

22 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

123Q1E2222

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING (16 font)
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
5. Tekeninge moet duidelik, netjies en in goeie verhouding wees, en mag in potlood gedoen word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter gereedskapstuk kan in ’n steensny-gereedskapkis gevind word?

A Lang voegyster
B Kambeitel
C Messeltroffel
D Lugbelwaterpas

1.1.2 Watter gereedskapstuk word in messelwerk gebruik?

A Lang voegyster
B Kambeitel
C Messeltroffel
D Skraper

1.1.3 Watter gereedskapstuk word vir pleisterwerk gebruik?

A Koolborsel
B Skraper
C Kambeitel
D Klouhamer

1.1.4 Watter gereedskapstuk is ’n uitlêwerktuig?

A Meettroffel
B Skraper
C Staalwinkelhaak
D Klouhamer

1.1.5 Watter gereedskapstuk word vir voegwerk gebruik?

A Holtroffel
B Voegtroffel
C Mokerhamer
D Lugbelwaterpas

(5 × 1) (5)

1.2 Noem DRIE maniere om gereedskap te versorg. (3)

1.3 Noem VYF punte om in ag te neem wanneer ’n lugbelwaterpas gekies word. (5)

1.4 Noem VYF gereedskapstukke wat in ’n teëllêer se gereedskapskis gevind sal word. (5)

1.5 Maak ’n netjiese skets van ’n getanderand-troffel. (2)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Teken volgens ’n skaal van 1:10 die alternatiewe planlae van ’n kruisaansluiter in ’n eensteenmuur in Engelse verband gebou. **[20]**

VRAAG 3

3.1 Sekere fisiese eienskappe van vuurvaste steen kan met gemak bepaal word.

Noem DRIE fisiese eienskappe van vuurvaste steen. (3)

3.2 Wat is DRIE kenmerke van goeie bousteen? (3)

3.3 Noem VYF soorte sement. (5)

3.4 Verduidelik kortliks hoe kalk vervaardig word. (5)

3.5 Afskeiding is waarskynlik een van die algemeenste oorsake van beton van swak gehalte.

Noem VIER hooffaktore wat tot afskeiding bydra. (4)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem TWEE maniere waarop poreuse steen vernietig kan word. (2)

4.2 Beskryf kortliks handvermenging van beton. (10)

4.3 Maak netjiese sketse om die volgende te illustreer:

4.3.1 ’n Ware sakking of natuurlike sakking

4.3.2 ’n Ingevalle sakking

4.3.3 ’n Skuifsakking

(3 × 2) (6)


4.4 Definieer die term *beton*. (2)
[20]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die term *spoumuur* ('cavity wall'). (3)

5.2 Noem VYF soorte boë wat in die boubedryf gebruik word. (5)

5.3 Voltooi die volgende tekening deur die korrekte byskrifte vir 5.3.1–5.3.10 te verskaf. ☆



(10 × 1) (10)

5.4 Definieer die term *afskeiding.* (2)
[20]

☆

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou